

**Vrydag 17 November**

**Skrifgedeelte: Lukas 12:35-40**

**Fokusgedeelte: Lukas 12:35-40; HK Sondag 31**

**Moenie aan die slaap betrap word nie**

Die ergste wat met enige werker kan gebeur, is seker dat jy aan die slaap raak terwyl jy aan diens is, selfs op nagskof. Van slawe is destyds verwag om wakker en beskikbaar te wees as hulle eienaar tuiskom. Dit was hulle slaweplig, al is dit hoe diep in die nag, selfs vroegoggend net voor dagbreek.

So moet volgelinge van Jesus in hierdie tyd voor sy wederkoms lyk, “die heupe omgord en die lampe aan die brand”! Dis die Bybelse tekening van hoe die kerk van Christus lyk. Nie lomerige, moeë, half-aan-die-slaap ongeërgde mense in knoesige nagklere nie, maar diensknegte in werksklere wat voorbereid wag op hulle Here en Eienaar se terugkoms.

Ons weet nie wanneer Hy kom nie, daarom moet ons voortdurend waak-saam wees. Dis mos soos ons deesdae ook nie net soms sorgdra dat ’n dief nie vrye toegang tot ons huis kry nie, maar dit deurlopend doen, want ons weet nie wanneer dit dalk kan gebeur nie.

In die gelykenis is dit die eienaar wat laatnag skielik sy voorskoot aansit en sy slawe wat hom ingewag het, bedien! So verras Hy ons ook gereeld deur ons met sy Woord te bedien. Hy wil ons deur die evangelie nie aan die slaap sus nie, maar ons juis wakker hou. En as ons ten spyte van die lewende verkondiging van sy Woord tog ons waaksaamheid verloor, dan skud Hy in liefde ons wakker deur die herderlike vermaning van sy kerk. Hy bedien ons met die sleutels van sy koninkryk wat oopsluit vir wie op Hom wag en toesluit vir wie in ongeloof volhard.

Sy kerk is vir Hom kosbaar! Hy het ons duur gekoop op Golgota en Hy wil sy eiendom nie laat verlore gaan nie!

*Sing: Skrifberyming 14-1:1, 2*

*Ds. GNV (Nico) Botha (Emeritus)*